




## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Besigheidsbestuurder:** H. A. Esterhuizen.
**Sekretaris:** W. J. I. M. du Plessis. **Medewerkers:** D. L. Hattingh, P. J. v.d. Berg.
**Subredakteure:** J. P. B. Viljoen; J. F. Botha; J. F. E. Esterhuizen; Mej. A. Geertsema.

Deel III. No. 5. AUGUSTUS 1948. 2/6 per jaar.



# PYPORRELS

## MET ELEKTRIESE AKSIE
## EN MODERNE VERPLAASBARE SPEELTAFEL

**Dowe Gehoortoestelle, Elektroniese Kariljonne, Toringhorlosies, Luiklokke en Kragversterker om Akoestiek te verbeter.**

Daar is te min ruimte in hierdie advertensie om u alles te verduidelik en ons voel ook dat ons dit beter en deegliker kan doen óf by geleentheid van 'n persoonlike besoek aan u, óf deur u navrae afdoende te behandel deur die pos. Onthou ons is spesialiteite op bostaande gebied. Alleen die allerbeste vakmanne doen die werk vir u en ons verteenwoordig beroemde fabrieke wat deur die jare hul merk gemaak het. Ons spesifikasies, raad en kwotasies is gratis en volledig. Ons verstrek gewaarborgde leweringstermyn en alle installasies word ten volle gewaarborg om vir 'n lang tydperk sorgvrye diens te verskaf.

• 'n Nuwe toestel wat nou beskikbaar is, stel u in staat om die geluidsvolume van enige gewone huisorrel so te versterk dat dit die hele kerk vul en die koste aan die verandering verbonde, is vanaf 49-10s., afhanklik van die geluidsterkte wat verlang word. Die voorwaarde is natuurlik dat die orrel in 'n goeie meganiese kondisie verkeer.

Century

CENTURY ORGAN BUILDERS (PTY.) LTD.,
PRETORIA.

Algemene Kantoor en Werkwinkels:

KERKORREL AFDELING

**STRUBENSTRAAT 395/7,**
**(H/v. Du Toit- en Strubenstraat),**

Telefoon: 2-3636.

Telegramme: „Allwave."

Noem Die WAPAD as u aan ons skrywe.


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom.

# M. B. BLOCH

KERKSTRAAT.

HUISRAAD, STOWE

en

STOOFPARTE

# GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

BIBLIOTEEK ... vir C.H.O.

*Die Kwaliteit tel altyd.*

Probeer hierdie vir Ekenomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pijamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY

# TOD SUTTIE'S

Die Mans Klerewinkel.

# CORNER FRUIT STORE

VIR

VARS VRUGTE EN GROENTE

DAELIKS.

● ● ●

HOEK VAN KING EDWARD EN RETIEFSTRAAT.
Foon 118.



# *Die Wapad.*

AUGUSTUS 1948


## 'N BEELD MET 'N TOEPASSING

Alhoewel my kennis van elektrisiteit karig is, wil ek tog die volgende „stelling" poneer: Solank as elektrisiteit in die regte, daarvoor aangewese bane gelei word, is dit iets nuttigs waarmee mooie dinge aangerig kan word, maar sodra dit buite daardie bane kom, kan dit dood en verwoesting saai. Om my „stelling" toe te lig, sal ek 'n voorbeeld noem: As die elektriese stroom reg gelei word, kan die huis daarmee verlig en verwarm word, maar laat daardie selfde stroom nou net verkeerd gly, dan word dieselfde huis omskep in 'n hoop as - - - en dan is dit 'n verkeerde besigheid!

Nou, om hierdie „teks" toe te pas, wil ek sê: Die lewe is soos elektrisiteit. Solank as die lewe langs die bane gelei word, is dit iets moois, iets wat die moeite werd is. Ons weet wel dat die mens deur en deur sondig is, tot niks goed in staat nie, maar geneig tot alle kwaad. Tog is die wedergebore 'n bekeerde mens deur die genade van God in diens van sy Skepper gestel en moet hy dade in die geloof verrig, moet hy bid om die wil van sy Vader te mag doen en moet hy smeek om by die betragting van die wil die leiding van die Heilige Gees te ontvang. Hy moet dus deeglik besef dat dit nie *uit homself* is dat hy die goeie wil nie. Dit is dan die mens waarvan ek spreek as ek sê dat die lewe iets moois is as dit langs die regte bane gelei word.

Aan die ander kant: As ons dink aan die persoon wat in die lewe die regte bane nie vind nie, dan dink ons aan iets afsigteliks. Die persoon wat so 'n lewe lei, lei 'n stuitlike en walglike lewe!

As ons die toepassing nader tuis bring, ek bedoel nader aan ons studentelewe, dan is die vergelying met die elektriese stroom ook steekhoudend. En wel op die volgende wyse:

Hou die studentelewe in die regte bane, dan is dit iets moois. Laat ons samespel op die spotrveld in die regte gees geskied, dan is dit iets moois. Laat ons samelewing in die koshuise, op die P.U.K.-gronde en orals in die regte bane gelei word, dan is dit iets moois. Laat ons verhouding tussen mans en dames wees soos dit die Boervolk betaam—eerbaar— dan is dit iets moois. Laat ons studentejolyt nie banaal en stuitelik wees nie, dan is dit iets moois.

Maar weer die ander kant: As ons ons aan bandeloosheid gaan oorgee, dan is dit gevaarlik, so gevaarlik soos die elektriese stroom wat sy baan verlaat het, want as die jeug sig oorgee aan drifte, dan is dit dodelik vir die volk, dan is die toekoms duister. As ons studente hulle voete wil afskuur op die dansbaan, is dit gevaarlik, dodelik gevaarlik —want waar gaan dit eindig?! As ons studente hulle behoorlik wil versluk en boeppens —verskoon tog die woord!—drink aan sterke drank, is dit gevaarlik. As ons studente hulle vingers wil stomp speel met kaarte, as hulle hul wil eelte sit in bioskope, is dit gevaarlik! - - - -

**Laat ons as sudente, as Christenstudente—wat 'n voorreg is dit nie om Christenstudente te wees aan 'n Christelike inrigting!—laat ons ons gedurig rekenskap gee of ons optrede is soos die van die elektriese stroom langs die regte baan, d.i. of ons optrede die mooie en regte is, en of dit is soos die elektrisie stroom wat die baan kwyt is, d.i. of dit 'n gevaarlike besigheid is. Ons weet waaraan om ons optrede te toets om te weet of ons reg trap: Die onfeilbare Woord van God!**

W. VENTER.

## *HIEROOR EN DAAROOR*

In die afgelope vakansie het **Mnre. H. Boshof** en **L. Kruger** asook **Mej. Mariet Yssel** verloof geraak. Baie geluk. Mag die volgende stap spoedig volg.

* * * *

Langs hierdie weg wil die redaksie **Prof. Snyman** bedank vir die artikel vir die Oud-Studente Rubriek. Ons hoop ander oud-studente sal sy voorbeeld volg. Onthou dit is ook u blad!

'n Woord van hartelike gelukwensing aan **Mnre. B. Lombard, Para Opperman** en **J. Enslin,** wat gedurende die Julie vakansie in die huwelik getree het.

**Ons innige simpatie en meegevoel aan MNR. WILLIE ODENDAAL met die afsterwe van sy moeder. Die Here is u versterking en die Heilige Gees u vertroosting.**

# *Ons Lesers aan dis Woord . . . . . .*

Geagte Redakteur,

In bykans elke preek en toespraak hoor ons vandag die spreker of predikant pleit vir waaksaamheid teen die verwatering van ons Christelike beginsels, wat oor die hele wêreld aan die orde van die dag is. Dan voel die P.U.K.-student trots op sy P.U.Ka-nerskap, want hy is lid en deel van 'n universiteit wat vir die Christelike beginsel staan en nie in naam nie maar in wese. Die wetenskap word bestudeer in die lig van Gods Woord. Wat die gees van die studente ook al mag wees— dit kan nie die onwrikbare beginsel van die opvoedingsinrigting skade berokken nie. Tot my spyt moet egter erken word dat die oorgrote meerderheid van ons studente deur hul optrede die gees van ons tyd weerspieël, en hulle verrotte invloed op hul medestudente oordra. Waarom was dit nie so in die verlede nie of altans in so 'n hoë graad as vandag nie? **Die enigste gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom na 'n grondige ondersoek, is dat die oorsaak by ons universiteitsowerhede gesoek moet word. P.U.K. is nie meer 'n universiteit vir C.H.O. nie maar vir £. s. d.**

Hiermee bedoel ek dan geensins die verhoogde losies, klasgelde of die bykomende eksamenfooie nie, maar die strewe van die senaat om uitbreiding van die universiteit. Uit hulle optrede blyk dit dat uitbreiding vir hulle voorop staan, selfs voor die beginsel. **Die studenteraad se mag word so ingekort dat dit in geen opsig tot sy reg kom as selfstandige liggaam nie** Die studenteraad het geen beheer oor die studente wat besig is om hande uit te ruk, en van die C.H.O. van ons universiteit 'n spot en 'n skandaal te maak. Nou is die opvoedingsinrigting nie meer so onwrkibaar in sy beginsel nie, want sy owerhede is besiel met 'n uitbreidingsgees en sal ontgroening belet om meer inskrywings te kry terwyl die beginsel daarvoor opgeoffer word.

**Ontgroening word hier genoem omdat dit die belangrikste middel vir die studenteraad is waardeur hulle gesag kan uitoefen en sorg dat ons beginsels behoue kan bly en uitgeleef kan word. Die geloofsleerklas loop leeg terwyl Korps en P.A.N.S.O., wat albei liggame is wat streef om ons christelike en nasionale beginsels uit te dra onder die intellektuele deel van ons volk wat hulle opleiding hier ontvang, besig is om op 'n afgrond af te loop. Die gevolg van die afskaffing van ontgroening het sy verlammende effek uitgedra tot in die fynste vertakkinge van ons studentelewe.**

Hierdie **hardkoppige** houding van die Senaat is die gevolg dat ons studentetalle in die toekoms **nie gaan styg nie maar daal.** Die mense wat uit beginsel na P.U K kom, word so geskok deur die ontnugtering dat as hul hier weggaan, hulle onwillig is om hul Alma Mater se belange in die buitewêreld te bevorder, maar eerder afbreuk doen aan die naam wat hy m.i. nie eers meer werd is nie. Selfs en veral oud-studenteraadslede wil vandag niks van P.U.K. weet nie, omdat hulle aanvanklik gemeen het om hulle Christelike beginsels hier te kom uitlewe en daarna ontdek het dat hulle in menige opsig moes stuit teen 'n senaat wie slegs uitbreiding voor oë het en nie omgee wat van die studentelewe en studentegees word nie.

Hierdie beweringe kan met konkrete voorbeelde (en tot spyt menige voorbeeld) gestaaf word. **Die gedurige teenkanting wat die studenteraad van die Senaat ondervind veroorsaak wantroue teen die senaat en is die oorsaak dat hulle in 'n vyandige gees P.U.K verlaat** As hulle ons verlaat sal daar gevolglik ook geen gesonde invloed betreffende ons alma mater van hulle as gesaghebbendes in die praktyk uitgaan nie. **So is die Senaat besig om sy eie keel af te sny—in plaas van 'n styging van studentetalle deur hulle inkortings—sal daar 'n daling kom.**

Nou dat P.U.K. gegroei het en die belangrikste posisie onder die Afrikaanse Universiteite van Suid-Afrika, waar dit op beginsel aankom, ingeneem het—word ons beginsel op die agtergrond geskuif. Christelik-Nasionaalvoelende studente aan ander universiteite sien vandag op na P.U.K. om leiding op daardie gebied. In die pas gestigte Afrikaanse Studentebond sal P.U.K. hom die sterkste moet laat geld as inrigting wat staan vir „In U Lig". P.U.K.sal nie daardie posisie behou as sake in hierdie trant aanhou nie.

**Om bogenoemde feite te staaf, word die lede van die Senaat van P.U.K. nederig uitgenooi om kontak te kry met ons huidige regvoelende (wat beginsel betref) studente en met oud-studenteraadslede van 1944 af, om hulself te oortuig.**

My doel is om met bostaande, by te dra tot die uitbreiding van ons Universiteit en om die Senaat 'n beeld te gee van wat die resultate is van 'n goedbedoelde maar verkeerde optrede in die verlede tot vandag.

„HOOPVOL".

(Skrywer hiervan is en was geen studenteraadslid maar 'n aktiewe lid van die P.U.K. se studentegemeenskap.)

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

**P. GROBBELAAR**

FOON 331.

KING EDWARDSTRAAT 114,

POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER

EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodighede,

Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65,

POTCHEFSTROOM.

BLACK'S

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

Posbus 197. Foon 179.

KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.



DU TOIT & ELOFF

Kerkstraat 59, Foon 187.

Mans- en Damesklerasie, Kruideniersware, Vars Vrugte en Groente.



DIRK PONS & KIE.

(Afrikaanse Pers Beperk).

BOEKHANDELAARS EN UITGEWERS.

Agente vir:

"ROYAL" DRAAGBARE TIKMASJIENE

geskik vir:

Onderwysers en Studente

Posbus 149. Foon 363.

POTCHEFSTROOM.


## VOORTREKKER WAENS WEGGESTEEK

Geagte Redakteur,

Ingehok in 'n stofbelaaide waenhuis, bepak met enige rommel, staan op die P.U.K.-gronde **twee voortrekkerwaens.** Hulle is die „Andries Hendrik Potgieter", wat in die simboliese trek van 1938 gebruik is, asook, sover my bekend, enigste oorblywende oorspronklike voortrekkerwa, t.w. die „Bloedrivier".

U vra waar hierdie waens is? Ja die meeste P.U.K.-studente weet nie dat hierdie waens hier is nie. Die oorgrote meerderheid van diegene wat gedurende die afgelope paar jaar hier afstudeer het, weet ook nie daarvan nie. In die geboue by die voetbalveld staan hierdie kosbare besitt'ng van die Afrikanervolk in 'n gehawende toestand.

**Is dit hoe die P.U.K.-outoriteite die saak wat heilig is aan die Afrikanervolk op die hart dra?**

Aan U.P. is ook so 'n wa toevertrou vir bewaring, maar by hulle word hierdie wa in die voorportale van 'n drukbesoekte gebou geplaas waar dit daagliks die verbygangers herinner aan die stryd en ideaal van ons voorvaders.

Weliswaar is hierdie waens slegs vir 'n tydelike bewaring gegee tot tyd en wyl die Voortrekkermonument voltooi sal wees. Maar dit praat die saak nog nie goed nie. **Vir tien jaar lank word hierdie waens aan die P.U.K. dus al „weggesteek"— weggesteek in 'n tweederangse gebou en geberg onder die stof!**

Ons as studente voel dat ons outoriteite lankal 'n geskikte portaal daarvoor kon gebou het wat al die ander „oudhede" ook kan berg. (Boupermitte kan nie as verdediging aangevoer word nie—1939 was daar nog nie van so iets sprake nie). Waarom het hulle dit nie gedoen nie? Ons antwoord is: **P.U.K. stry nie meer vir die beginsel nie! Nee, die hoofdoel is nie meer C.H.O. nie, maar £. s. d.** Daarom kan daar terwille van die Afrikanersaak nie geld beskikbaar gestel word vir die bewaring van sulke kosbarehede in 'n goeie gebou nie.

Wat sal die Afrikaner publiek sê in verband met hierdie benarde toestand waarin hierdie kosbarehede bewaar word as hulle dit te hore kom? Ek glo nie dit sal tot eer van die P.U.K. strek nie!

Het ek die saak miskien te kras gestel? Nee, geagte leser, hierdie saak verdien nog skerper woorde!

„GEBELGD"

## IS DIT REG?

Geagte Redakteur,

Dit is weereens vir die soveelste keer bewys gedurende die afgelope toer van ons toneelgroep en eerste rugbyspan dat ons Afrikaanse blaaie veral „Die Transvaler" ons Universiteit vir publisiteit „boikot." **Na elke spel op ons toer is 'n volledige verslag na die „Transvaler" opgestuur en slegs EEN is gepubliseer onder die opskrif „Groblersdal loop P.U.K. kaf". Wat van al ons oorwinnings oor die sterk spanne wat P.U.K. met 'n baie verswakte spannetjie kaf geloop het.** Dit is veral gemik op die publisering van ons sportaktiwiteite waarop ons as klein Universiteitjie trots kan wees.

Hiermee wil ek dan net die aandag van ons S.R. op hierdie puntjie vestig sodat ons werk daarvan kan maak. Ander universiteite soos „Wits", 'n N.U.S.A.S. vesting, kry voorkeur in ons nasionale blaaie bo P.U.K. vir C.H.O.

Ek hoop bostaande feite sal die aandag van ons S.R. geniet en dit sal my groot vreugde verskaf om te verneem dat bogenoemde beskuldigings ongegrond is, maar indien dit gegrond is moet ons werk daarvan maak om daarteen op te tree.

Dankie,

„TWEEDEJAAR"


ONTMOET U VRIENDE

by die

SONSKYN KAFEE

en luister na u

EIE KEUSE MUSIEK

*Uit Oud-Studente Pen . . . .*

# UIT DIE PLEB-DAE

*SOOS VERTEL DEUR PROF. SNYMAN*

**Dit was in die ou dae, toe alles nog één was, Teologiese Skool, P.U.K., Gimnasium van die eerste matriek jaar af. Almal was in die Teologiese skool, aanstaande predikante of nie. Almal het nog saamgewoom, in die Rooilosieshuis. Almal het nog saamgespeel. Ook voetbal. Dit was maar met Theos! Tog was daar 'n pynlike diskriminasie, die van "plebs" en "Aristokrate". Die plebs mag nie togas dra nie, net die Aristokrate. Die plebs mag ook nie saam piekniek hou nie. Vir die voetbal was hulle nodig. Daar was nogal sterkes en vinniges onder die plebs. Maar die piekniek was weer net vir aristokrate. Daar is die plebs weer afgehok. Maar, die pynlikste van hierdie diskriminasie was dat die plebnooientjies wel goed was, en ook besonder in aanvraag vir die piekniek. Dit is deur die plebejerdom erg gevoel.**

So het die vooraand van 31 Mei die groot dag van die jaar, weer aangebreek. Die wa staan klaar langs die koshuis, tot groot ergernis vir die pleb, met trekgoed en al, om more vroeg voor die voordag weg te trek. Die Aristokrate is almal weg. Waarheen? Na die nooientjies, ook na die plebnooientjies om voorbreidsels en toebereidsels te gaan help maak vir die piekniek. Hoe heerlik is dit om Aristokraat te wees. Die plebejer lot het by tye ondraaglik geword.

Iets moet dan gedoen word. Maar wat? Die Planmaker pleb weet al. Die wa moet weg. Gou is pleppies ingespan, vooros en agteros op sy plek. Die drywer en sweep ontbreek ook nie, en, daar dreun die wa, regsom, straat op na die dorp se kant, weer regsom, langs paddavlei op, regs weer, by die groot hek in, middel op die voetbal veld. So, nou kan ons gaan slaap. Binne 'n halfuur was dit rustig in die Rooilosieshuis, ook in die plebgemoed. Maar nie vir baie lang nie. Een uur het geslaan. Die Aristokrate is daar, om ook 'n bietjie te rus voor die aftog. Maar, waar is die wa? Dit is die plebs. Dit moet die plebs wees. Dit was nog in die dae, voor 'n ordelike verhoor, veral vir plebs. Na die pomp! Daar gaan No. 1, in die koue Mei-nag, in die koue naamkil. Wat is dit nou? Waar is die wa! Asseblief kêrels, ek weet nie, dis nie ek nie. Maar dan sal jy wel weet wie. Ons sal hulle een vir een uit jou uit pomp. Die derde slik koue water was genoeg. K--- P--- St--- Sn--- vR-- verstik die name saam met die water uit. Nou het ons hulle. Die eentonige gestamp en gekraak van die pomp het vir die kenner afgestamel wat daar agtereenvolgens deur gemaak is. Daar staan hulle nou met deurweekte naggewade en bewe. Dit sal julle leer. Arme plebs

Maar daar ontbreek nog een in die span. Sal hulle dit waag. Dit beteken gevaarlike grond betree—'n professor woning. Maar wees en ontsag was nie genoeg om aristokrate-verontwaardiging te stuit nie. Om twee uur die nag word die laaaste een deur 'n venster gehaal, en gedra na die pomp. So, nou is die span vol. Natpak of nie, die pleppies is weer ingespan. 'n Ongenadige drywer en sweep het ook nie ontbreek nie. Nou is dat 'n aangename herinnering aan die aangename dae van pleb en aristokraat.

---

(vervolg van bladsy 6 kolom 3)

digheid verseker het deur 'n federale organisasie-basis te aanvaar. Dit waarborg die indiwiduele inisiatief van takke en voorkom dat skeuring bewerk word deur nuansering van dieselfde grondbeginsel of die plaaslike toepassing daaraan. M.a.w. die A.S.B. staan met albei voete in die werklikheid—elke Universiteit verteenwoordig min of meer in 'n mate 'n eie nuansering van ons grondbeginsels—dit word erken en daarvoor word ruimte gelaat.

**Afgesien van ander redes, is dit noodsaaklik dat die finale gesag in die A.S.B. sal berus by die Kongres asgevolg van sy federale struktuur.**

**'n Enkele leier kan dus nie sy gesag gebruik (of misbruik) om sy opinie op die Bond af te forseer nie en sodoende skeuring bewerk nie.**

Verskille sal seker voorkom, maar die waarborg van plaaslike vryheid gee die nodige rekbaarheid. In gemeenskaplike belang sal dit seker wel soms van 'n minderheid geverg word om hulle te skik na 'n meerderheid. Wat egter baie belangrik is: omdat die Kongres finale segginskap het is die weg tot oortuiging **nooit** afgesny nie.

Hiermee wil ek volstaan en tenslotte die wens uitspreek dat die A.S.B. vir P.U.K. nog baie sal beteken en dat P.U.K. sal voortgaan om sy beste te gee vir die A.S.B. Mag ons beginsels al meer en meer veld wen en uiteindelik tenvolle seëvier.

J. J. VAN DER WALT.

**DRIE BEROEMDE**
**1/6 GENEESMIDDELS:**
**Alma Hartdruppels,**
**Metafos: die groot senuweeversterker,**
**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**

**S. M. LEWIS, BEP.,**
**APTEKERS,**
**POTCHEFSTROOM.**

---

**SELMA'S**
**TEE-KAMER**
**KING EDWARDSTRAAT 87.**

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,
waar u in stilte en netheid
VERVERSINGS, ETES ens.
KAN GENIET.

---

KOM NA
POTCHEFSTROOM
**HANDELAARS**

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

**Fone: 259 & 250.**
**KERKSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

---

**C. VAN DER MERWE**
**KERKSTRAAT 92,**
**POTCHEFSTROOM.**

* * * *

**Fietse en Fietsonderdele en Reparasies.**

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Foon 282. Foon 282.
KERKSTRAAT 37,

DE KOCK'S
ELEKTRIESE DIENSTE

"Frigidaire" Yskaste,
Radios,
Verligting Toestelle
EN ALLE
Elektriese Toebehore.

Takke: Klerksdorp, Lichtenburg, Blyvooruitzicht.

KOM SIEN ONS
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

# EINDELIK . . . . EENHEID

## A.S.B. AS TEËVOETER TEEN N.U.S.A.S.

**Eindelik het dit gebeur. Na byna sewe jaar van onderlinge stryd het die Afrikaner studente mekaar se hande weer vasgegryp op 'n eenheidsgrondslag.**

**Die P.U.K. het hom—in samewerking met die Afrikaners van Wits—reeds twee jaar onvermoeid beywer om die Afrikanerstudente te verenig op die grondslag en beginsels ten opsigte waarvan ons dit almal eens is. Met die stigting van die Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse Studente te Potchefstroom in 1946 was al die ander Universiteite nog nie ryp vir die ontwikkeling nie.**

**Die A.S.B. was nog 'n jong organisasie wat nie graag die terrein wat hy vir homself en sy ideale verwerf het te Pretoria en Bloemfontein (destyds was op P.U.K. ook 'n sterk A.S.B. Tak) wou prysgee nie.**

**Die A.N.S., hoewel dit sy hoogtepunt reeds bereik het en die skemeraand begin nader het, was nog vasberade om sy terrein te behou, veral die P.U.K. tak, wat die eerste plek in die beweging ingemeem het. Nogtans het A.N.S. hom heelhartig by die Federasie geskaar terwyl A.S.B. om begryplike redes sy weg nie oopgesien het nie.**

In 1947 is die stryd op P.U.K. besleg deur die stigting van P.A.N.S.O., nadat die plaaslike A.S.B.-tak en die A.N.S.-tak tot 'n eenheidsgrondslag geraak het.

Hierdie stap het die Uniale dood van A.N.S. beteken want die P.U.K.-tak het destyds die beweging gedra. Vir A.S.B. het dit egter nie dieselfde konsekwensie ingehou nie. Tog het dit beteken dat ook A.S.B. nooit alle Afrikaanse Universiteite sal insluit nie.

Die Afrikaanse Universiteite het hulle dus in die posisie bevind dat daar twee Afrikaanse inter-universitêre organisasies was nl. A.S.B. en F.B.S.A.S. Nie een van die twee, en ook nie altwee saam, was verteenwoordigend van alle Afrikaanse Universiteite en Afrikaanse groepe op Engelse Universiteite nie. Kaapstad se Afrikaners en die S.V.R. van Stellenbosch het wel noue kontak met die Federasie gehad, terwyl 'n klein takkie van A.S.B. op Stellenbosch bestaan het, maar in werklikheid het albei hierdie gemeenskappe buite die inter-Universitêre Organisasies gestaan.

**Op 26 Junie 1948 is eindelik weer 'n poging aangewemd om eenheid te verkry. Die spoorslag was die onverwagte en verrassende uitslag van die eenheidsoptrede in die volkslewe. Toe N.U.S.A.S. ons weereens voor die feit gestel het dat hulle, met hulle uiters liberalistiese en kommunistiese beleid as agtergrond, in die buitewêreld spreek namens ALLE Afrikaanse studente, het die Afrikanerstudent gevoel dat die tyd ryp is om mekaar se hande vas te gryp en N.U.S.A.S. van sy wankelende troon af te ruk.**

Die inisiatief is deur Pretoria in samewerking met Stellenbosch geneem. Aanvanklik was die idee 'n federasie van Studenterade. P.U.K. het hierteenoor standpunt ingeneem, Getrou aan ons oortuiging (saam met die Afrikaners van Wits) dat eenheid moontlik is omdat alle Afrikanerstudente saamstem t.o.v. ons grondbeginsels, soos ons ondervinding in PANSO bewys het, het ons geveg vir 'n inter-universitêre Eenheidsorganisasie op federale basis. Verder was ons oortuig dat 'n federasie van S.R.e geen stukrag sou hê nie en die behoefte van die Afrikaner-studente nie sou bevredig nie.


**Eindelik is ons standpunt aanvaar en op 14 Aug. 1948 is te Bloemfontein die Afrikaanse Nasionale Studentebond gestig. (Die F.B.S.A.S. en A.S.B. het besluit om tengunste van die nuwe A.S.B. te ontbind.**

**Vir die eerste keer in die geskiedenis word alle Afrikaanse Universiteite en groepe Afrikaners op Engelse Universiteite omvat deur dieselfde nasionale organisasie.** Die A.N.S. het in sy beste jare gepraat namens 3,000 studente (die ou A.S.B. en F.B.S.A.S. nie eers namens soveel nie). **Die huidige A.S.B. praat nou reeds namens +—7,000.** Indien H.U.K. en die Normaalkolleges aansluit hoop ons om die steun van minstens 10,000 studente te hê.

Oor die toekoms wil ek geen voorspelling maak nie. Feit is dat N.U.S.A.S. se krag gebreek is en N.U.K.soek openlik toenadering by die Afrikaanse Universiteite. Van een ding is ek egter tenvolle oortuig nl. dat die Afrikaner student sy broer se hand gevat het, om dit nie weer maklik te los nie. As Engelse studente soos ons dink—hulle is hartelik welkom, maar ons gee geen duim van ons eenheidsgrondslag prys nie.

Hoewel enige organisasie in hom die kieme van skeuring en verbrokkeling dra, eenvoudig omdat die menslike gees nie stabiel maar veranderlik is, meen ons tog dat A.S.B. 'n baie hoë mate van besten-

(vervolg op bladsy 5 kolom 2)




## PIONIERSWERK IN SUID-WES-AFRIKA

As 'n mens vandag so 'n vlugtige terugblik oor ons maandlange toer in Suid-Wes werp, dan word 'n mens 'n bietjie weemoedig. Dit was 'n maand vol van soveel ondervindinge en ontberings dat dit moeilik op papier gestel kan word. Dit klink leeg, noudat 'n mens weer hier in die akademiese eensydigheid van die studentelewe staan, om te praat van 'n kameraadskap en van vriendskapbande wat gelê is.

Geagte lesers, dink aan 150 myl tussen twee dorpies in 'n bedompige ou treintjie wat oor kaal sandvlaktes kruip óp twee ou spoortjies teen 'n asemrowende langsame spoed. Van die môre tot die aand tussen die vier mure van 'n kompartement die heel dag in mekaar se geselskap; die aand voor 'n vol saal optree wat 'n mens se beste vereis. So gaan dit elke dag vir vier weke aanmekaar. Natuurlik het dit sy grappige kant maar die vermoeienes word naderhand so groot, dat 'n mens enigiets sal doen om jouself op te vrolik, veral as dit deur gebruikmaking van middels is wat vir jou heeltemal skadeloos lyk en ongetwyfeld skadeloos is.

Vriende, dink aan Fanie van Montaque wat aand na aand met hoed styf oor sy oë getrek en 'n hemels-idiolise grynslag op sy gesig voor die gordyne verskyn om met die woorde: „En toe ek wakker skrik was my koffie yskoud in my bed . . . papnat!" Wat dan dowerende applaus van die vrolike gehoor uitlok. En as u daaraan dink, sal u hom vergeef dat hy 'n geleende motor met ses Alabamers daarin sommer so speel-speel laat bolamakiesie slaan. Ek tenminste sal nooit sy spierwitgesig vergeet nie toe hy by ons, waar ons voor die hotel in Karasburg staan, kom en met 'n dramatiese gebaar, wat onder omstandighede 'n bietjie pateties was, sê dat hy nou net 'n motor omgesmyt het. Twee-uur later moes ons voor 'n half-leë saal optree met Lets van Rensburg in die hospitaal met 'n gebreekte sluitelbeen. Voorwaar 'n slegte begin en tog het die Alabama gespeel soos nog nooit van te vore nie. Lank lewe die Alabama!

'n Slegte begin beteken egter dikwels 'n goeie einde en so was dit ook in ons geval. Namate het dit al beter gegaan—die natuur het meer basryk geword, die sale voller en die Hansa- en Swakopmund-bier al lekkerder. Ons was naderhand bang om 'nvuurhoutjie te trek, vanweë ons hoë alkahol-gehalte. Hulle vertel egter dat die bier 'n baie lae alkahol-gehalte het—gelukkug ook maar, nê George!

Iets wat my die meeste op die hele toer verbaas het, was dat Rooi Koos nooit sy humeur verloor het nie en verder hoe hy regkry om so te wikkel as hy lag.

Op Windhoek het ons ongetwyfeld ons hoogtepunt bereik. Dit was aangenaam om weer in teerstrate tussen moderne geboue rond te sleuter en in die winkelvensters rond te kyk. So aangenaam dat Jessie byna haar hart in Windhoek laat staan het netsoos Heline haar blindederm in Usakas aan die Katolieke Hospitaal geskenk het.

Van Usakas deur die Nanief-woestyn na Swakopmund waar ons in die vroeë oggendure voor dooiemans deur te lande gekom het. Geen lewende wese was in die breë see-sand-strate te sien toe ons deur die dorp geloop het op soek na kos en slaapplek. Dit was lekker om weer die sout seebries te smaak. So aangenaam dat Gert Fourie homself byna vergeet het.

Van Swakopmund weer terug Usakastoe en daarvandaan noordwaarts op die smal spoortjie Grootfontein - toe. Onderweg het Skim sy bes gedoen om Steenbokkies met 'n rekker dood te skiet. Ertjies was natuurlik altyd die toonbeeld van onberispelikheid. Ook maar moeilik om so lank sonder liefde klaar te kom, nê Ertjies? Oor die twee Chrisse val daar natuurlik ook niks te sê nie. Chris kan tog nie help dat hy in sulke posies geplaas word nie en C.P. se ooglede word maar altyd so moeg as hy vaak word.

Van Grootfontein weer terug Windhoektoe en hiervandaan met motors Gababistoe—150 myl van stof. 'n Opvoering in 'n ontsettende klein saaltjie sonder verhoog en gordyne en honderde mense opmekaar gepak. Die rit daardie selfde nag weer terug Windhoek - toe. Toe ons die oggend om vyf-uur in die hoofstad aankom, moes ons in ons wa in die goedere-kaserne slaapplek gaan soek.

Mede-P.U.Kaners, weet dat ons alles op hierdie toer gedoen het omdat ons gedag het dit is die beste. Om mense wat onbeperkte gasvryheid op ons laat reën het doelbewus aanstoot te gaan gee, daarvoor het ons nie kans gesien nie.

En nou, groet die Alabama Boere Orkes van 1948 u. Onthou dat ons pionierswerk gedoen het en weet dat dit sy bitter en soet gehad het.

KOOS.

## *BEDANKING*

**Die Toneel-Voetbaltoer**

Die toer is verby en al wat nou nog vir ons daarvan oorbly, is 'n baie aangename herinnering. Maar ons treur nie daaroor nie, want dan sou ons ontrou wees aan die gees van die toer.

Ons wil net dankie sê aan **oom Hansie** vir 'n Reisvader met 'n hart soos 'n dierbare vader en 'n gees soos 'n student; aan almal vir 'n mooi gees van kameraadskap en samehorigheid; aan die toneelspelers wat so gereeld en entoesiasties die voetbal ondersteun het; aan die voetbalspelers vir die gordyne trek en al die grappies agter die verhoog; aan **Platbos** wat op so'n beskeie wyse sy span gelei het; aan **Lappies** wat die geldsake op so 'n bekwaame wyse gereël het; aan **Fires** wat die belange van die Studenteraad op so'n verstandige wyse behartig het; aan **Wimpie** vir sy besonder goeie organisasie en vriendelike leierskap.

L.R.B.

## DIE BESEMBOS

**,n Oproep aan Oud-P.U.Kaners.**

Aangesien „Die Wapad" reeds deur 'n groot aantal oudstudente gelees word, wil ons langs hierdie weg 'n beroep op u almal doen. Dit gaan oor die saak van „Die Besembos".

Soos u seker weet is hierdie blad nou omgeskep in 'n jaarblad wat baie groter van formaat is as die ou kwartaalblad. Aangesien daar gewoonlik 'n taamlike surplus is, doen ons dus 'n beroep op oudstudente om ook bestellings daarvoor te plaas.

Vanjaar sal hy heelwat vroeër as ander jare verskyn en ook grootliks verskil wat voorkoms en inhoud betref. naas enkele artikels deur oudstudente oor aktuele vraagstukke, is hy gevul met interessante leesstof uit die pen van die bekwaamste P.U.Kaners. Die inhoud varieër van sketse, kortverhale en gedigte tot populêr-wetenskaplike artikels, opgeluister met enkele stukkies wat 'n weergawe bied van die joligheid van die studente in hul daelikse omgang. Die groot aantal portrette weerspieël die studente aktiwiteit in verenigingslewe en op sportgebied.

Ons doen dus 'n vriendelike beroep op u om u welwillende aandag aan die saak te gee. Bestel dadelik 'n eksemplaar by die besigheids-bestuurder, J. H. Labuschagne, Heimat, P.U.K. Die prys is 3/6 (posvry).

Bewaar die kontak met u alma mater, bly op hoogte met die studentelewe, want eenmaal 'n Pukkie, altyd 'n Pukkie!

DIE REDAKSIE

## HELLENISTIESE AKTIWITEITE

Grieks, Grieks, Grieks en Oom Amie, en weer 'n slag Oom Amie en Oom Amie en Oom Amie en Grieks!! En Oom Amie + Grieks = Senuweeinstortings, + trane + trane.

Kyk na die Griekse Klas en jy sien 'n mofkoei wat „in die rus van die eeue gesus" stil en gedweë die opkomende maan staan en bewonder - - - - - of straks bewonder sy dit nie eers nie - - - -

„En hoor jy die magtige dreuning— Nee - - - dis nie meer die veld nie, dis in Kamer No. 10: boetie, dis hy, dis hy vlak voor die deur—en ek **moet** 25% in die ongesiene deel hê - - - -. O, Ritchie, teerbeminde Ritchie, as ek jou tog net eenmaal in hande kan kry - - - -O, dit sal tog te soet wees, te soet - - - die heerlike soete omhelsing dat daar van jou net mooi, ja net mooi „——" oorbly!

(vervolg op bladsy 9 kolom 1)

**Wimpie de Klerk** (na Liedjies op pad terug van 'Nkulu): „Dit is nou die tragiek van studente lewe: om uit mekaar te gaan en te moet gaan werk."

**„Wobbeljoe Pie" Uys:** "Life is a tragedy to those who feel and a comedy to those who think." (Nou loop hy Wiskunde om homself te laat dink!).

Daar word in betroubare kringe gegis dat die verwoesting wat die heinings op die P.U.K.-gronde getref het, 'n direkte gevolg is van die stigting van die Kysersbeskermingsbond (met die oog op die komende Lente-offensief teen 'Nkulu).

Hy wat vol van homself is, is baie leeg.

„Ek geniet hul aangename geur"



sê Mnr. S. Lessing, Staatsamptenaar, Pretoria.

Ek rook die afgelope tien jaar al Springbok sigarette maar ek het nog niks gevind nie wat kan kers vashou vir Springbok nie! Ek geniet hul aangename volle geur hul koelheid en hul ekstra grootte.

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

*Soos aangetoon deur gereelde maandelikse opnames deur die J. Walter Thompson Maatskappy gedurende 1948.*

Dwarsdeur die Unie het manne van alle stande—skrynwerkers, klerke, maatskappy-direkteure—oorweldigend hul keuse uitgebring op Springbok. *Geniet Suid-Afrika se Vooraanstaande Sigaret. Probeer Springbok Vandag.*

*„Hulle bevredig en ek hou van hul egte tabakgeur."*



SPRINGBOK
DIE SPORTMAN SE SIGARET
Met en sonder kurkmondstuk

(varvolg van bladsy 8 kolom 1)

Besef jy nie, hoogeerwaarde Ritchie dat jy die oorsaak is van menige held wat ten moederaarde gesloeg is lank voor sy tyd nie? Dring dit dan nie tot jou powere (of powerfull) verstand deur dat jy die rede is waar skraal persone bibberend in die koue wintersmore smagtend en smekend moet vra: „Mense kan ons nie 'n ander tyd reël nie?"

Dit is jy, my vreind wat veroorsaak het dat daar keer op keer gevra moes word: „Mense sal ek maar weer my blokke op die bord trek?" Dis jy, my „——" wat die fundamentele oorsaak was van 'n magtelose noodkreet: „Mense, kom ons los Grieks—want wat help dit. Tot satterny het ek vir julle gesê An plus die Konjunktief druk 'n doelsin uit, en dit het niks, absoluut niks gehelp nie - - -. Mense, ek verwyt nie, verwyt is 'n onaangename ding, maar julle skrywe af solank ek verduidelik - - - as ek vir 'n man vra hoelaat is dit en hy sê: Potchefstroom — Nou-ja . ."

Ritchie, O, Ritchie, skoonste van alle geklets en ge„——", dis jy, o, jy, ja dit is jy wat menige vakansie laat verwoes het - - - - Jy met jou Indukatief, Praesence Participium, Optatief—jy is dit wat my laat kriewel en kreun en kerm - - -.

O, berydenswaardige vertolking van die skoonheid van die Griekse Taal, jy is te verhewe, te edel, te teer, te skoon—O, Ritchie, pryk maar net in my rak—pryk maar net daar — ek glo aan „safety first", ou broer, en solank jy op 'n afstand bly, des te beter vir my!

En daarom, sterkte, broer Ritchie, sterkte, en mag jy nog lank vaskyk in dieselfde traan-deurweekte oë van menige droomverlore Grieks I student en „ - - -"

ANTI-HELLENES.

# DIE PERVERSITEIT EN HILARITEITWEKKENDHEID VAN MODES.

(Akadissiese en Koggelmaneeriese proefskrif ter verkryging van die grate van die hoëneus (honeurs) vir atletiese en slap-enkele funksionaliteite).

Ek is van nature 'n bang ou—maar vir vroumense—pasop ou kêrel! Jy peuter nou op 'n verkeerde plek. Ek sal dus niks oor die oud modiese lang rokke sê nie.

Mode is 'n baie wye begrip—dit sluit alles in wat jy onder mode verstaan. Om mode te wees moet iets tog darem ten minste nuut wees en nou wil ek graag as adjunk vise-Kanselier van die sedelikheidskomitee een en ander perifratiese mededelings doen, kragtens die gesag aan my toevertrou.

Met papistiese Kontigente sekerheidigheid word 'n mode se oorsprong gewoonlik vasgestel as Holliewoedisties. Maar dis nie altyd die geval nie. Want wie dink dan nie aan die modes van die jentelmin van die poeierdosige fakulteit van „Dinners" nie, waar die hoogleraarstoel met stille applous beklee word deur die „biere" en wat dies meer sy?

Met pendulumatiese getikker word die tye verdryf in die eetsaal temidde van die geratel van die snil trein. Elke ete is 'n dinner en elke dinner is geen ete daar.

Nog 'n spesiale edik (of te veel eetdik) verdien aandag nl. die soetkys verpakkinge een dag na arrivasie wat diktatoriaal ousisties geskied.

(Vervolg op bls. 11, kol. 3).

KOM NA——

PROTEA HAARKAPPERS

KING EDWARDSTRAAT 51,
POTCHEFSTROOM.
(Regoor Queen's Hotel)

vir
GOEIE DIENS EN NETHEID.

Eienaars:

W. J. van Graan,
P. J. van der Rheede.

HORLOSIE STUKKEND?

BRING DIT NA DIE

Europese Fabrieksgeoefende Horlosiemaker en Juwelier

P. H. JOB

KING EDWARDSTRAAT 51
(oorkant Queen's Hotel)
POTCHEFSTROOM.

DANILATOS UITRUSTERS.

*Die Winkel vir Waarde.*

ONS SPESIALISEER IN
KLERASIE
VIR MANS EN SEUNS.

Besoek ons en oortuig uself.

Hoek van Lombard- en King Edwardstraat, Potchefstroom.

STUDENTS of Potchefstroom Universiteitskollege will find all the books they require for prescribed reading or for hours of leisure at:—

THE CENTRAL NEWS AGENCY LIMITED

111, KING EDWARD STREET,
POTCHEFSTROOM.

P.O. Box 286. Phone 114.

* * *

WE SUPPLY STATIONERY TOO!

*Aan die wat lief het:*

Skenk 'n foto wat die romanse sal bevorder.

*Aan die wat presteer:*

Sorg dat u trots sal wees op die fotografiese bewys van u prestasies.

*Aan die Intelligentsia:*

Die professore en lektore wat ons binne die eerste ses weke reeds ondersteun het, of ondersteuning toegesê het, of waardering vir ons werk uitgespreek het, word van harte bedank. Ons strewe daarna om mense met onderskeidingsgawe te bevredig.

*Aan die wat aarsel:*

As Kritzingerfoto's só „anders" is dat hul op uitstallings bekroon word dan is dit omdat die leiding van die kunssinnigste S.A. fotograwe nie vrugteloos was nie.

**J.N.J. KRITZINGER**

*FOTOGRAAF,*

KERKSTRAAT 84,
POTCHEFSTROOM.

**ANELLAS**

vir

ALLES EN NOG WAT.

Smaaklike Visgeregte,

Koue en Warm Etes.

Koue en Warm Dranke.

VRIENDELIKE EN DEEGLIKE DIENS WORD GEWAARBORG.

# SO IS DIE LEWE

Met 'n versteurde gemoed maak ek na hewige inspanning my een oog op 'n skrefie oop. Wat sou my so ru uit my drome geruk het? Nog half aan die slaap kyk ek traag na die horlosie, maar die luid-hamerende stuk masjienerie staan met die kant wat ek wil sien in koele afsydigheid van my weggekeer. Huiwerig steek ek my arm uit, maar ruk dit dadelik weer onder die warm komberse in. Dit was so koud dat ek byna nie weer my arm kon buig nie. Maar nuuskierigheid pak my beet: ek moes sien hoe laat dit is. Vanmôre moes ek nog 'n onderhoud volgens afspraak hê met die direkteur van die firma Buks en Kie. Hy het met neerbuigende vriendelikheid beloof om my self-ophemelende toespraak aan te hoor, en dan te oorweeg of daar 'n vakature was wat ek kan vul.

Vasberade steek ek my arm uit en draai die horlosie om. Dit is halfses. Vererg draai ek my om, hopend om te droom van die genotvolle partytjie wat ek die vorige aand bygewoon het. Ek was so moeg gewees dat ek my met moeite nog ontklee het.

Net toe ek wou insluimer word ek bewus van 'n liggaamlike pyn. Ek betas my liggaam sorgvuldig en vind die fout by my kop. Dié voel soos 'n voos pampoen. 'n Swaar, dowwe hoofpyn martel my. Versigtig gly my vingers oor my slape en ek voel die warm gloed van my hoof.

Toe ek my lippe onwillekeurig tuit om 'n gevoelvolle fluit te laat hoor, ontdek ek nog 'n verstoorder van my rus. Ek is dors, bitter dors. My mond is horingdroog, my keel brand, my tong lê onverroerbaar teen my verhemelte. Die posisie was ondraaglik . . .

Nee, dit kan beslis nie langer so aanhou nie. Ek spring op, trotseer die bytende koue en snel na die wasbak. Vol verwagting draai ek die kraan oop. In verbeelding vloei die koue water alreeds langs my dorre keel af. Die kraan laat so 'n aaklige gekreun hoor. Daar is geen water nie, behalwe 'n enkele druppel wat aan die rand van my vinger huiwer. Haastig bring ek die vinger na my gretige lippe. 'n Oomblik daarna kyk ek hoe die druppeltjie langs die kant van die wasbak afrol.

Ek is 'n man wat my daarop beroem dat ek alle teenslae met berusting aanvaar en sê: „so is die lewe." Ook nou het hierdie beginsel seëvierend op die voorgrond getree en het ek met gelatenheid my ongeluk aanvaar.

Ek was nou wawydwakker. Ek sou maar aantrek en in die losieshuis se kombuis gaan soek. Intussen kwel die dors my onbarmhartig.

Ek pluk aan my hangkas se deur. O ja, ek het dit mos gesluit. My sleutels was seker in een van die sakke van my aandpak. Ek soek hulle een vir een deur, terwyl die afgryslike vermoede agter in my bewussyn met die deurvoel van elke sak meer en meer bevestig word. My sleutels was weg! Al my klere is in die hangkas. Ek kon tog nie in my aandklere gaan water soek nie!

**W. J. GROBBELAAR**

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.

Maar hoe meer die dors my kwel, hoe aanneemliker word die gedagte.

„So is die lewe," sê ek. onseker of die lewe werklik so moes wees. Tien minute later stap ek in „volle mondering" langs die gang af kombuis-toe.

Skel klink die gelui van die foon in my kamer en met 'n skok kom ek tot stilstand. Die versoeking was groot om dit te laat aanhou lui, maar dan kon die ander loseerders dalk hul humeur verloor. Ek dink aan Mnr. Botha se reuse-gestalte en kwaai oë, en haas my terug na my kamer.

„Wie praat?" vra ek ergerlik. (My keel: O, hoe dors was ek!)

„Sersant Bester. Wie is u?"

„Jan Claasen," fluister ek en laat my droë tong oor nog droër lippe gly.

„Ek kan niks hoor nie. Kan jy nie harder praat nie?" verneem ek met tintende ore. Met moeite beteuel ek die drif wat dreig om my selfbeheersing en berustende lewensopvatting te oorrompel, en antwoord beleefd. Toe hoor ek dat mnr. Botha vermoor is, en ek word gevra om die nuus aan sy vrou oor te dra. My besware het niks gebaat nie, en onseker gaan ek toe maar na haar kamer.

Ek klop verward aan, en toe die tingerige vrou met haar groot oë en toutjieshare voor my staan, sê ek: „Ek kom net sê . . . jou . . . vermoor . . . . . " My stem wil nie funksioneer nie: Ek steek toe maar my hand uit om my simpatie te betuig, maar sy gil so deurdringend dat my ore toeslaan en sy klap die deur toe.

Verslae draai ek om en skielik reën verwyte op my neer. Van agter elke deur loer iemand, elkeen met gedurig-bewegende mond. Elkeen wil weet waarom ek hul rus versteur, en ek voel naderhand verlore in 'n see van uitskelwoorde.

Toe verkrummel my gelatenheid, en stort in duie voor die uitbarsting van my woede, wat ek die hele oggend opgekrop het, en boosaardig skree ek terug. Weldra is die huis ene skreeuende mense, 'n geraas van hardlopende voete en voorwerpe wat deur die lug slinger . . . .

Ek het my 'n rukkie later in 'n sel bevind, terwyl 'n konstabel my daarvan verwittig dat ek deur mevr. Botha aangekla is van poging tot moord met voorbedagte rade. Al my verduidelikinge was tevergeefs. Mevr. Botha weet nou nog nie dat sy 'n weduwee is nie.

Intussen sit ek in 'n donker, bedompige sel met 'n paar ernstige aanklagte teen my, 'n byna barstende hoof, 'n onlesbare dors, my nek wurgend in die stywe boordjie van my aandklere, en om elfuur moes ek die direkteur van die firma Buks en Kie. ontmoet het.

Êrens waai die wind met genadelose onverbiddelikheid 'n deur gedurig oop met 'n nare gekraak, en dan waai dit senutergend langsaam weer toe . . . .

„Hou goeie moed, ou kêrel," sê die konstabel hier langs my. „Wees optimisties. Sê altyd: ‚So is die lewe' en wees tevrede."

„So is die lewe," herhaal ek bitter.

J. H. VAN HEERDEN.

(vervolg van bladsy 9 kolom 2)

Daar bly verder snaakse insekte ook o.a. die borduurlose nou rokkies draende juffrou wat volgens etimologiese afkoms by die wassery gereeld moet verskyn. Kenmerkend van hom (of haar?) is die modieuse stampende getemper op wit klavierklawers waarop ritmies niks op te merk is nie aangesien daar geen ritme is nie.

So is die P.U.K. heeltemal 'n modiese of modestiese plek d.w.s. hulle is nie heeltemal agter die mode nie. Mens sien hier darem blinkerige motorkarre en mense sonder krullerige snorre neffens die geriffelde, met blik oorgetrekte, ryk bevensterde en groot (?) gerieflike studentesaal!

Ek wil nie verder uit die mode raak om oor die mode te skryf nie!

(Get.) ADJUNK VISE-KANSELIER.

---

Die natuur het die vrou soveel mag gegee dat die wet heel verstandig haar baie min mag toegesê het.

* * * *

Weinig mense weet hoeveel 'n mens moet weet om te weet hoe weinig 'n mens weet.

* * * *

Wees nie eerste om 'n twis te begin nie en ook nie die laaste om dit te besleg nie.

* * * *

Jou vriend het 'n vriend wat op sy beurt ook 'n vriend het. Pasop.

*LEES*—

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

:o:

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

*BESOEK*

Annette

(EDMS,) BPK.

*121 King Edwardstraat*

*POTCHEFSTROOM*

ROKKE en HOEDE

VIR ALLE

GELEENTHEDE

-/-/1947:

*Sal ons saam geniet*
*Die mooie in die lewe?*
*Sal ek jou vertel wat*
*bekoring my bied?*
*Dat 'k in verhewe sfere*
*ontroering belewe?*
*Nee, ek sal dit vir my selwe hou . . .*
*alleen geniet.*
*In my gedagtes voortbou,*
*leef in wat God my bied.*
*Sal jy verstaan*
*As 'k jou vertel uit my hart?*
*Sal jy kan verban*
*my eensame smart?*
*Nee, ek sal eensaam wees,*
*my ei' gedagtes dra;*
*uitsluit selfs 'n vriend in die gees,*
*net om verligting vra.*
*'k Sal probeer*
*'n einde bring aan die stryd;*
*'k sal weer*
*leef in 'n vreugde tyd! . . .*
*My hart sal weer*
*jub'lend opstyg—*
*'k Sal die smart van weleer*
*vergeet, opgewek wees, dit verswyg.*

D. F. ERASMUS.

Fanie van Montaque kan nog nie goed onderskei tussen kleur en kleur en geur en geur nie want in Kimberly het hy soos gewoonlik ewe galant twee dametjies in die straat voorgekeer en hulle gevra of hulle nie die aand na die opvoering van die Alabama wou kom kyk nie. Haar antwoord was: „Tja, aangesien ek van die Kaap kom, sal ons alte sieker daar wies, oh boy." Fanie se kleur was „off-white" toe hy uitvind dat hy met twee „off-white" te doen gehad het.

DIE LOKALE HAARKAPPERS
LANGSAAN KING'S HOTEL.
Foon 902
Eienaar:
P. W. TALJAARD
SKOONHEID EN DIE BESTE DIENS GEWAARBORG.
SPREEK ONS I.V.M. ONS MAANDELIKSE SKEMA.

## KORRESPONDENSIE

Die Doolhowe
Muishondhoogte,
Laat die aand.

Beste Oom Kasper,

Hier op die Pik gaan dit nie meer so goed soos in die dae van Sjeool Hades en sy trawante nie. Nee Omie darie dae is vergoed verby, toe hulle gekom en gegaan het. Dis nou byna rustig hier.

Eigentlik wil ek Omie vertel van die smes wat hier was nou die anner dag. Dit was vreeslik Omie, 'n mens het sommer sulke koue rillings gekry. Hier was 'n klomp Evas, Omie weet daardie iets wat hulle Evas noem. Nou ja Omie hulle steel toe mos mooi eendag ons nagkabaai hier onder ons neuse weg en gaan dekoryt die hoofgebou daarmee. Raau Omie toe lyk die ou hoofgebou kompleet nes 'n roos wat oop gaan, ja nes 'n splinternuwe sikspens. Toe kom die smes.

Toe die mense hierdie versiering van die hoofgebou gaan verwyder toe beginne die Evas se Baiesukkels somar verdwyn en kom speel hopie hier voor die mense se grotte. O! gonna Omie toe was daar 'n propper smes. Eers kom die Evas hulle Baiesukkels haal en die goed is almal pap en hulle sit vas in die hoop, en die mense staan en lag en spot. Een ou wou vir Eva help met die Baiesukkel en toe, toe val hy op 'n eina plek op 'n doringheining en toe, toe waas hy boos, soos n Harnosterbul en sy gesigte beginne wit word, Oe, en sy Eva Blaas vuur. Toe het ek darem rerig geskrik Omie. Eers toe ek sien die smes word nou rerig 'n smes toe sê ek so by myself vir myself Jongie nou is dit tyd om te waai. Maar Omie weet hierdie mense wat so witterig geword het en op sy eina geval het op 'n heiningdoring! Hyse 'n snaakse man, voor die heiningdoring hom steek, toe spook hy! Ja Omie hy spook soos 'n jong Wildebeeskalf en hy byt en skop en krap en hy hoes en hy proes en hy blaas en hy raas, en eenkant is sy Eva net so aan die afblaas, toe word ek rêrig benoud enne toe slae soos vanne Koedoevoorslag deur die lug weergalm toe sien ek 'n Eva tik so liggies op **die Kant** van party mense wat hy sy gesig noem oorlat die mense aan haar ou Baiesukkeltjie gevat het.

Dis eigenlik 'n geheim, en Omie moet tog nie vir Ta Kowa vertel nie dan kom ek weer in die sop, en sê nou dis warm bonesop! Seblief tog Omie bly maar stil van hierdie ou sakie? !

Omie se eige Groot klein seuntjie,

SORSIE.

POTCHEFSTSROOM
DRY CLEANING WORKS
FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.
PROBEER ONS
VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.
*Eienaar:*
P. D. DE WET POTGIETER
POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.